

# Die Huwelik

## Die Huwelik (Sirag 25:26 ; 1 Pet.3:1-7)

In die begin is Eva vir Adam as hulp / vriendin en as vrou gegee – (Genesis 2: 21-24) Die Skepper het uit Adam 'n maat gemaak 'Eva' waarvan hulle nou in werklik net een is. Rondom die gebeurtenis dat Eva uit Adam is, is daar baie Verbonde en Wette. Die eerste Wet rondom jou en jou maat sien ons reeds hier:

- 1) Dat die man sy vader en moeder sal verlaat en sy vrou aankleef.
- 2) Dat die man en vrou een sal wees.

Ons lees in Matt.19: 6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees. Wat Skepper dan saamgevoeg het, mag geen Adamiet skei nie (*Ha satan probeer ook om saam te voeg, maar syne is die slegte en onegte kinders*).

### Vooraf opmerking:

- 1) Die Huwelik is Nét vir Israel gegee en die ander volke (*nie-Israeliete*) het geen deel aan YHUUH se Wet en verordeninge rondom die huwelik nie.
- 2) Saambly is 'n wetsoortreding as die ouerpare nie daarvan weet en as dit nie hulle goedkeuring weggedra het nie.
- 3) Om te Trou is daar “wettiese ordeninge en verpligtinge”.

Soos gesê: Uit Adam is Eva, daardeur is hulle raseg, m.a.w. As Adamiet (*Israeliet*) mag jy net met 'n volgende Adamiet trou. Onder die Wet van YHUUH is die Adamiet. Hulle mag trou met mekaar en nie met ander volke nie.

Nou kan jy vra: Is ek raseg en 'n Israeliet en wat is die teken dat jy wel is? Ja, jy is een as jy onder die Wet van YHUUH resorteer soos jy mag nie vermeng nie (*verbaster*); Jy moet bly by vlees van jou vlees en been van jou gebeente (*Gen.2:23*). Ons lees in Levitikus 17: 14 *want wat die siel van alle vlees aangaan, sy bloed is met sy siel verbind ...*, m.a.w. uit een vlees het YHUUH 'n tweede geskep wat dieselfde bloed in vloei. Genesis 2 lees ons: *En dié Skepper het die Adamiet geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewendes geblaas. So het die Adamiet dan 'n lewende siel geword* (verkry).

Nadat die Skepper Asem van die Lewe (*Sy Asem, Sy Gees*) in die Adamiet geblaas het, het die Adamiet die Geslag van die Skepper geword. Maleagi bevestig dit in Mal. 2: 15. *Het Hy dan nie een mens (Adam) gemaak nie, hoewel Hy gees oor gehad het? Waarom die een? Hy het 'n geslag (saad lyn) van VADER gesoek.*, m.a.w. net die rassuiwer Adamiet bevat die Gees van VADER en sodra jy meng met volke wat nie SY saad lyn is nie, verbaster jou siel ook.

Nou kan ons verstaan waarom Josua gesê het in Jos. 23: 11,12 *Neem julle dan terdeë in ag terwille van julle siele. 12 Want as julle ooit mag afwyk en die oorblyfsel van hierdie nasies aankleef, wat nog met julle saam is, en julle met hulle en hulle met julle meng.* Hier word duidelik gespesifiseer dat dit 'n saak is wat ons siele raak.

In Gen. 25: 7. Staan: *Abraham het die asem uitgeblaas...En hy is by sy volksgenote versamel;* Ook Isak is by sy volksgenote versamel (*Gen. 35:29*) en Jakob sê in Gen.49: 29 *Daarna het hy hulle bevel gegee en aan hulle gesê: Ek word versamel by my volk.* Jy kan nou weer vra: By watter volk kan hulle by versamel word? Hoekom word hulle dan nie sommer by die dooies versamel nie? Is dit omdat hulle die Nageslag van YHUH is, SY volk, Sy Asem, sy Bloedlyn nie?

Ons lees van hierdie volk baie in die Skrifte; In Hebreërs 11: 13 lees ons: *In die Geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op Aarde was (Gen. 47: 9; Lev. 25: 23; 1 Kron. 29:15; Ps. 39:12; 119:19).* Hulle verlang m.a.w. na 'n beter een, "n Hemelse". YHUH het daarom Hom nie geskaam om hulle 'Broer' genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n Stad berei.

Die volk '*Israel*' word dus op die Aarde voortgebring en geselekteer uit die geslag van YHUH om weer by hulle ontslape volksgenote versamel te word, om so die Hemelse Vaderland te beërwe.

As jy dus met enige van die genoemde "goed" verbaster, dan is jou aanspraak op daardie Hemelse Vaderland kwyt, want jou siel en bloed is nie meer in YHUH se Suiwere Gees nie; Daarom kan die belangrikheid van die Sewende Gebod beklemtoon word: "Jy mag nie vermeng (*verbaster*) nie.

#### Regte Lewensmaat:

Dit is nogal 'n moeilike taak in so 'n wettelose land en die omstandighede waaronder ons tans woon, maar YHUH beloof vir ons in Sirag.26: 3 'n Goeie vrou. 'n Kosbare gawe is 'n vrou in die boesem van hom wat VADER vrees,... 23 ...'n regverdigte (*vrou*) sal gegee word aan hom wat YHUH vrees. Spr.19:15 staan..., *maar 'n verstandige vrou is van YHUH.*

#### Verlowing:

Daar moet ooreenkomste wees sodat daar trouheid daarna kan wees. Die vrou se vader moet gevra word vir die hand van sy dogter volgens die wet van Moses (Die vader wat sy dogter afstaan aan die man is en was vir hom 'n onsekere skat wat hy bewaar het deur haar jeug jare sodat sy as maagd aan hom gegee kan word. As vrou by haar man moet die opvoeding wat haar vader aan haar gegee het na vore kom).

Na die toestemming van die vrou se vader is hulle amptelik in verlowing. Die vrou se pa moet sy seën daarop lê en beide haar ouers moet nou hulle goedkeuring gee op papier met hulle handtekeninge daarop. Daarna kan die man met sy verloofde saam met sy skoonouers 'n maaltyd hou ter ere van die geleentheid.

Opsommend: Voor die huwelike moet daar eers 'n verlowing wees. Deut.20:6,7; 22:23,24; 28:30 ; Hos.2:19,20. Dis 'n voorbereiding tydperk waar die skoonouers die dogter afstaan.

### Die Troue

Na die verlowing tydperk verby is, moet daar 'n Huweliksooreenkoms aangegaan word tussen die man en die vrou se ouers. Na die onderteken is die man die skoonseun en die meisie sy bruid. Met tevredenheid en toestemming van skoonouers en die man (*skoonseun*), word daar dan 'n maaltyd of bruilof gehou. Mal.2:15 sê vir ons: Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en verraai nie die vrou van jou jeug nie. 16 Want Ek haat om weg te stuur, sê YHUUH die Opperhoof van Israel.

Die man is veronderstel om sy eerste aand by sy toekomstige skoonouers oor te slaap om by sy vrou in te gaan en haar reinheid te ontvang (*Deut. 22:13-21*). Na die troue kom die vrou onmiddellik onder die man se gesag en sy beskerming. Die vrou sal onderdanig wees aan die man, op die wyse soos in 1 Pet.3 beskryf en so ook dat die man wat sy vrou verstandig sal regeer en liefhê. Die paartjie moet bid tot YHUUH dat julle nie weens vleeslike begeertes mekaar geneem het nie, maar in waarheid. Hulle moet vra dat YHUUH hulle sal seën en dat hulle oud sal word bymekaar. As jy dan by jou vrou ingaan, sal julle volwaardig een vlees wees. Die vrou sal vir die man vreugde bring omdat sy die opdrag as hulp en steun al in die Tuin van Eden ontvang het.

### Raad vir sukses in 'n huwelik:

Gee en neem. Luister na mekaar. Dit is belangrik dat YAHUSHA jul lewenspad saamloop. Hy moet die stille toehoorder wees van elke gesprek, die stille gas aan ons tafel. Julle moet mekaar eer en respekteer en nie aan hom of haar iets doen wat julle nie aan julle self gedoen wil hê nie. Deel alles met mekaar. Kommunikasie en wedersydse vertroue. Maak tyd om met mekaar te gesels. Sorg vir alleen wees met mekaar. Wys dat julle omgee vir mekaar. Dis nie altyd nodig om met geskenke jou liefde te wys nie; gee mekaar elke dag 'n liefdevolle drukkies en sê jy is lief vir jou maat. Moenie probleme met 'n geskree voor kinders probeer oplos nie; dit werk ongelukkig nie. Kalmeer en doen dit in die slaapkamer met 'n toe deur. Albei moet ook leer om geduldig te luister wanneer jou maat 'n skouer soek om op te huil. (*Onthou 'n man, soos sy vrou, word aan hulle kinders geken* (Sirag.11:8)